



KAMMANUUS

Nommer 309

18 Julie 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com



TOULEIER

Dis maar moeilik om in Sandland 'n knerts te kry

Hallo Julle

Nou ja, die omdraai van die son bokant die keerkring van die steenbok is al amper 'n maand gelede. Ek sien die aanwas van die oggendlik skuif elke dag so 'n paar minute later. Ons klomp hier tussen die duine en langs die louwarm see ly nou net erg onder die hoë humiditeit. Dit stoot die aanvoelbaarheidstemperatuur tot bokant vyftig grade Celsius.

Genoeg om 'n mens tot drank dank te dryf. Gelukkig het ons drank hier in Doha, al kan jy dit net op een plek koop. Nie soos my sussie Nina hier langs ons in Saudi-Arabië, waar hulle nie mag nie. Maar as die lus daar is, maak jy mos 'n plan. Meer hieroor later.

Aanvanklik was ek heel die moer in om so te sukkel om net 'n Germaanse bruisdrankie of twee te bekom. 'n Mens kom egter so met die tyd agter dis eintlik nie so sleg nie, en begin selfs die stelsel hier verdedig. Kyk nou maar na die nul toleransie wat die Katarese het teenoor bloedalkoholvlakke. Jy mag géén alkohol in jou bloed hê nie - vang hulle jou, is jy binne 24 uur op die vliegtuig huis toe.

Die internasionale hotelle mag drank bedien. As jy dus wil deftig uiteet of kroeg toe gaan, klim jy maar in 'n taxi. 'n Mens raak verbasend gou daaraan gewoon en dis selfs lekker om gechaffeer te word en nie hoef te stres in die dik verkeer huis toe nie.

Om jou eie drank te bekom is 'n hele affêre. Daar is net een afsetpunt in die industriële gebied en heel eerste moet jy aansoek vir 'n lisensie om te mag koop. Dit begin met 'n brief van jou werkgewer wat moet aandui wat jou salaris is. Rede is jy word 'n maandelikse kwota toegeken gebaseer op 'n persentasie van jou besoldiging.

Nie dat 'n mens soveel drank kan sal kan opdrink in 'n maand nie. Jy betaal 'n herwinbare deposito van R2000 saam met jou aansoek. Hulle gee jou dan 'n kredietkaartgrootte ID drankkaart met jou foto op en net jy mag ingaan en koop. Kamermaatjie moet byvoorbeeld buite wag in die motor.

Die verskeidenheid is nogal heel goed en Suid Afrika word sterk verteenwoordig van Amarula tot 5 jaar KWV, en veral die wyne wat wissel van Nederburg tot by Tall Horse. Die pryse is taai, maar darem nie buitensporig nie. My gunsteling toevoeging tot my gereelde glasie ys, Famous Grouse, kos byvoorbeeld die ekwivalent van *net* R230.

Jou aankope word geregistreer en jy kry 'n 'permit' saam met jou drank om dit direk na jou huis toe te neem, jy mag nie draaie ry nie, reguit huis toe. Jy mag dit ook net by jou huis drink. Jy kan gedeporteer word as jy iemand anders van jou drank gee.

Resep vir tuiswyn

Nina-hulle maak blykbaar so 'n lekker onwettige tuiswyn dat hulle die resep nou al selfs uitvoer! Jy koop 12 liter druiwesap en gooi dit in een van daai plastiekdromme waarmee hulle die "heilige" water van Mekka af invoer.

Hier is die resep vir julle wat dit wil probeer:

12 liter druiwesap, 2 liter water, 2kg suiker, 1 eetlepel gis, 1 koppie sterk swart tee en 'n handvol rosyne.

Bring water en suiker tot kookpunt, voeg als bymekaar. Laat staan vir 3 weke. Vir soeter wyn, begin proe ná 2 weke, droeër wyn na 3-4 weke. Gooi af deur 'n doek, bottel en hou in yskas.

Nina vertel my sy sit haAR stookbottel sommer in die badkamer en proe dan so terwyl sy op die troon sit.

Lank lewe prohibisie!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

MAXINE



As daar iets soos 'n toeristeseisoen is – hoekom mag ons hulle dan nie skiet nie?

Nuwe Afrikaans

Seemeeubestuurder

'n Bestuurder wat invlieg, 'n klomp geraas maak, sy blerts op almal los en dan padgee.

Moerasdonkie

'n Baie onaantreklike persoon.

Millenniumkoepels

Die inhoud van 'n Wonderbra: Uiters aantreklik van buite, maar binne-in is daar niks te sien nie.

Het jy geweet?




Die piesang kan nie self voortplant nie. Dit kan net deur die mens se tussenkoms versprei.

Grondboontjie-olie word in duikbote vir kook gebruik omdat dit geen rook afgee nie tensy dit bokant 232 °C verhit word.

As jy onder in 'n put of 'n groot skoorsteen gaan staan, kan jy die sterre helder oordag sien. (Wie het dit al getoets?)

By die ewenaar weeg alles een persent minder.



Dinge wat net in rolprente gebeur

'n Man sal geen pyn wys terwyl hy van 'n kant af aangerand en gemartel word nie, maar sal ril as 'n vrou sy wonde reinig.

As vroue in 'n spookhuis woon, moet hulle te alle tye alle vreemde geluide ondersoek terwyl hulle uiters ontblotende onderklere dra.

Maak nie saak of jy in enige stad voor 'n groot gebou stilhou nie, daar sal altyd 'n metervrye parkeerplek naby aan die ingang wees.

Alle bomme is toegerus met groot horlosies sodat jy sal weet presies wanneer hulle gaan ontlof.

Selvs al gaan jy om twee-uur in die oggend by 'n Katolieke kerk in, sal daar altyd 'n priester aan diens wees wat gereed is om na jou bekentenis te luister.

Wanneer hulle alleen is, verkies alle weermagoffisiere om met mekaar Engels te praat, eerder as hul moedertaal.


HOEKOM SÓ?

V: Waar kom die Engelse term 'love' in tennis vandaan?

A: Die spel het in Frankryk begin, en die nul op die telbord het soos 'n eier - l'oeuf in Frans. Toe die spel Amerika bereik het, het hulle die woord verkeerdelik as 'love' uitgespreek.

Skotse pèrels

1. Vergewe jou vynade, maar onthou die blikskottels se name.
2. Alkohol los geen probleem op nie, maar dit geld ook tee en koffie.
3. As jy 'n man help wat in die knyp is, sal hy jou onthou as hy weer 'n probleem het.





Duskantlander in Anderkantland

In Antarktika mors ons niks

Elke drom word met 'n kleurkode gemerk – geel vir afvalkos, groen vir glas, ensovoorts,
skryf GERARD DE JONG

As mede-ondertekenaars van die Antarktiese verdrag is ons verbind tot omgewingsbewaring, en dit word streng toegepas deur almal op die yskontinent.

Hier by die SANAE 4 is 'n watersuiweringsaanleg en word alle rioolwater gesuiwer tot dieselfde standaard as wat vir water in Duskantland geld.

Klink nie vir my reg nie. Ek moes liever geskryf het: as wat water in Duskantland gesuiwer móét word. In elk geval, hier word dit wel gedoen.

Hier is selfs 'n laboratorium bekend as die *wet lab* waar afvalwater maandeliks getoets word om seker te maak dat daar aan internasionale gehalte voldoen word voordat dit weggegooi word.

Die sogenaamde gryswater word met 'n verhitte pyplyn, bekend as die *Lolly line*, weggelei tot oor die kranse, waar daar al 'n reuse yswaterval ontstaan het.

Ons watersuiweringsaanleg is al verouderd en ons hoop te kry.

Die Duitsers by die Neumayer-basis gebruik gryswater om hul toilette mee te spoel, terwyl ons nog suiwer wat gebruik. Ek weet nie hoekom nie, maar hulle is ons altyd een voor.

Die tweede probleem is afvalkos en ander afval. Gelukkig kry ons tydens oorname heelwat dromme (200 liter of 44 gelling) met vliegtuigbrandstof. Hierdie dromme word oopgesaag en gebruik om afval in terug te stuur na Duskantland.

Eers word die dromme met spuitverf gemerk volgens 'n kleurkode, geel vir afvalkos, groen vir glas, rooi vir papier en plastiek, blou vir metaal (al die bierblikke) en swart vir menslike afval waarby ons later sal kom.

Ek dink nou weer aan al daardie groot bene wat in die afvalkos se dromme beland. Menige brakkies in Duskantland sou hulle voortande daarvoor gee. Daar is geen hoenderbene nie. Alle hoendervleis word ontbeen voordat dit hier uitkom omdat daar een of ander verwantskap is tussen hoenderbene en die voëlgriep-virus.

Gepraat van honde. Volgens die Antarktiese ooreenkoms mag daar nie meer honde op Antarktika aangehou word nie.

Terug by die dromme. Alle blikke word eers platgedruk in 'n handpers voordat dit drom toe gaan. Glas word in die dromme met 'n handstamper stukkend gekap, en plastiek word in sakke saamgepers - alles om die volume te verminder.

As daar diesel buite op die sneeu mors, word dit opgeskep in dromme. So ook hidroliese vloei-stowwe en olie. Hier word niks gemors nie. As jy mors, maak jy skoon. Weekliks het ons *skivvy* beurte wat ons roteer sodat dieselfde persoon nie aanhoudend dieselde werk hoef te doen nie. Dit is vloere mop, toilette skoonmaak, kombuis skoonmaak, die afval in die afvalkamer sorteer en kompakteer en in dromme kry, ensovoorts. Die grootste volume afval is papier (karton) en plastiek.

Dit klink nou alles goed en wel. Maar hoe nou gemaak op daardie 30 uur lange ritte na die yswal toe? Daarvoor is daar ook 'n plan. Ons noem dit kaksakkies (my spelprogram stel kerksakkies voor, maar dit is nie reg nie). Dit is 'n swart plastieksakkie so groot soos 'n Checkers-sak.

Dit kan nou moeilik klink, maar dit werk so: In elke *Challenger* (trekker) is daar 'n spaar lugfilter vir ingeval daar te veel sneeu in die enjin se luginlaat beland. Die lugfilter is silindries en ongeveer 500 mm hoog en 400 mm in deursnit.

Die sakkie pas net mooi daarin en jy sit heel gerieflik en kyk uit oor die sneeuvlaktes. Daarna gaan die sakkie na die swart drom. Pasop wat jy oopmaak in Duskantland!

DIE FOTO toon 'n verysde waterval, die lolly lyn. Die wit geboutjie op die voorgrond is nie die longdrop nie, die satellietkottel se antenna is daarbinne. Net bo die wit geboutjie kan die Kamov-helikopter se landingsplek op pilare gesien word. Die foto is tydens die 2010-'11-oorname geneem.





Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Geduldige vrou se wraak



DIE MAN man en vrou was jare lank gelukkig getroud. Al irritasie was die man se gewoonte om soggens as hy wakker word 'n bom te los wat die vrou se oë laat traan en haar na asem laat snak het.

Sy het elke oggend by hom gepleit om die vieslike gewoonte te staak. Sy verweer was dat sy gewoonte absoluut normaal was.

Sy het male sonder tal gepleit dat hy 'n dokter raadpleeg en gewaarsku dat daar 'n dag gaan kom wat hy sy binnegoed uitblaas.

Die jare het verbygegaan. Een Kersfeesoggend was sy vroeg op, besig om die kalkoen voor te berei. Sy kyk die binnegoed so - nek, lewer, krop en die spaardeeltjies - en sien haar weerwraak voor haar in die skottel lê.

Sy vat die skottel net so kamer toe, waar die man nog vas aan die slaap is. Met sorg trek sy sy pajamabroek af en pak die kalkoenbinnegoed netjies in sy onderbroek.

'n Ruk later word die man met sy gewone trompet-ritueel wakker, gevolg deur 'n bloedstollende gil en voetstappe badkamer toe, terwyl die vrou op die vloer rondrol soos sy lag.

Twintig minute later daag hy met sy bloedbevleekte onderbroek en 'n afskuwelike trek op sy gesig in die kombuis aan.

Die vrou byt op haar onderlip, en vra so onskuldig as moontlik wat skort.

"Liefie," sê hy, "jy was al die jare reg. Ek moes na jou geluister het."

"Wat bedoel jy?" vra sy kalm.

"Wel, jy het my jare lank gewaarsku dat ek my binnegoed gaan uitpoep. Dit het vanoggend gebeur!"

"Maar met die genade van die Liewe Heer, 'n botteltjie Vaseline en my twee vingers het ek die meeste daarvan darem weer teruggekry."

Amerika is in die sop

'n Kaartjiesagent op die DC-lughawe sê hoekom:

Ek het 'n oproep van 'n wetgewer se vrou (Landra Reid) gekry wat wou weet of 'n mens Engeland van Kanada af kan sien.

Ek het nee gesê.

Sy sê toe op die kaart lyk hulle dan so naby aan mekaar.

'n Kongresvrou van Illinois (Jan Schakowsky) het verlede week gebel. Sy wou weet hoe dit moontlik is dat haar vlug om 08:30 vanuit Detroit vertrek en reeds om 08:33 in Chicago kan aankom.

Ek het verduidelik dat Chicago 'n uur voor Illinois is, maar sy kon nie die konsep van tydsones snap nie.

Uiteindelik het ek gesê dis omdat die vliegtuig baie vinnig is, en haar tevrede gestel.

Eerlike priester

'n Jong vrou op 'n vlug na Mexiko vra die priester langs haar: "Vader, ek wil 'n guns bedel."

"Alte seker," sê hy. "Wat kan ek vir jou doen?"

Sy verduidelik toe sy het vir haar ma 'n duur haardroër gekoop, maar dit is nog toegedraai en ver oor haar doeanelimiet. Sy is bang dit word gekonfiskeer, en vra die priester om dit onder sy kleed weg te steek.

"Ek wil jou graag help, meisie, maar ek waarsku jou: ek lieg nooit."

"Met u eerlike gesig, vader, sal niemand u woord betwyfel nie," sê sy.

Hulle kom by die doeanepunt, en die beampte vra hom of hy iets te verklaar het.

Vader: "Van my kop tot by my middellyf het ek niks te verklaar nie."

Beampte: "En wat het u te verklaar van u middellyf tot by u voete?"

Vader: "Ek het 'n wonderlike instrument wat ontwerp is vir 'n vrou se gebruik maar wat, tot op datum, nog ongebruik is."

Beampte: "Gaan voort, Vader."



Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com



SKOONMA OP SAFARI

Die grootwildjagter het sy vrou op 'n safari genooi, en tot sy ontsteltenis het sy skoonma aangedring om saam te gaan.

Die egpaar sit een aand om die vuur en ontdek dat hulle die skoonma 'n ruk lank nie gesien het nie.

"Ons moet haar gaan soek," sê die vrou.

Die man kry sy geweer en hulle stap die veld in. Ná 'n ruk sien hulle skoonma in die maanlig waar sy met haar rug teen 'n krans staan, met 'n brullende leeu voor haar.

"Wat gaan jy doen?" fluister die vrou.

"Niks," sê die man. "Die leeu het homself in hierdie gemors gekry."

KAN NET DIE IERE WEES!

Paddy en Mick tel drie handgranate op en vat hulle polisiekantoor toe.

Mick: "Sê nou een van hulle **ontplof voor ons daar kom?**"

Paddy: "Dan sê ons vir hulle ons het net twee opgetel."

DUITSE HUMOR

Hoekom het die Duitsers Pole in die Tweede Wêreldoorlog so vinnig ingeneem?

Hulle het agteruit gemarsjeer, en die Pole het gedink hulle trek terug.

GRAFSTEEN

Ribbesford, Engeland:

Anna Wallace

Die kinders van Israel het brood gevra, toe stuur die Here vir hulle manna. Clark Wallace het 'n vrou gevra, toe stuur die Here vir hom Anna.

SUINIGE SKOTTE

In Skotland is daar restaurante wat die messe warm maak sodat die eters nie te veel botter op hul brood smeer nie.

VROUE SE TAAL UITGELÊ

Ja	Nee
Nee	Ja
Miskien	Nee
Ons het nodig	Ek wil hê
Ek is jammer	Jy gaan spyt wees
Ons moet praat	Jy's in die moeilikheid
Goed, gaan voort	Wees gewaarsku!
Doen wat jy wil	Jy gaan later spyt kry
Ek is nie kwaad nie	Ek kan slange vang!
Jy's nie opletend nie	Dink jy altyd net aan seks?

OULIKE MEISIE

Sy's 'n een-dop meisie, twee op die meeste, drie en sy's onder die tafel, vier en sy's onder haar gasheer.

AGTERDOGTIG


My meisie dink ek agtervolg haar. Wel, sy's nog nie rêrig my meisie nie.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



HELP!

Hulle steel my
hele lyf
stuk vir stuk!



Jy het ongetwyfeld al gehoor van mense wat ontvoer word en wie se niere dan verwyder en op die swartmark aan orgaandiewe verkoop word.

My dye is 'n paar jaar gelede gesteel. Ek het gaan slaap en met iemand anders se dye wakker geword - sommer net so.

My nuwe dye het die tekstuur van gekookte hawermoutpap gehad.

Wie se dye was dit, en wat het van myne geword?

Ek het die hele somer na my eie dye gesoek. Heeltemal raadop het ek toe besluit om die res van my lewe maar jeans te dra.

En toe slaan die diewe weer toe.

My boude was volgende. Ek weet dit was dieselfde bende, want hulle het moeite gedoen om my nuwe stêre te laat pas by die dye wat hulle vroeër aan my geplak het.

Maar my nuwe boude was minstens tien sentimeter laer as die oues, en het my gedwing om my jeans vir lang rompe te verruil.

Twee jaar gelede het ek ontdek my arms is omgeruil. Ek was een oggend besig om my hare te kam en was geskok toe ek sien hoe my bo-arm se vleis heen en weer swaai met elke beweging van die haarborsel.

Ek het baie bang geword. My hele lyf was in 'n proses van vervanging, stuk vir stuk.

Wat gaan volgende gebeur? Toe my arme nek skielik wegraak en vervang word met 'n kalkoen-nek, het ek besluit om my storie wyd te verkondig.

Vroue van die wêreld, word wakker! Ruik die onraad!

Daardie "plastiese" chirurge gebruik EGTE vervangings wat van jou en my gesteel word!

As jy weer van iemand hoor wat iets laat *fit* het, kyk mooi - dis dalk 'n stuk wat van jou gelig is!

Hierdie is nie 'n kullery of gekskeerdery nie. Dit gebeur met alle vroue oral oor, elke nag.

WAARSKU JOU VRIENDINNE!

Naskrif: Verlede jaar het ek gedink iemand het my borste gesteel. Ek het in die bed wakker geword en hulle was net weg. Maar toe ek uit die bed spring, was ek verlig om te sien hulle het net in my armholtes weggekrui.

Ek het so baie moeite ondervind om ouer te word dat ek glad nie haastig is om weer jonger te word nie.

-- Nathaniel Hawthorne 1804 -1864



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #11

TWEEDE KOEKSISTER-RESEP

4 k Meel	1 k Melk
2 e suiker	2 geklitste eiers
1½ tl botter	½ tl sout
4 tl bakpoeier	



Metode

Meng suiker en botter.
Voeg eiers by.
Sny die droë bestandele saam.
Meng tot 'n stywe deeg.

Stroop

3 k water	6 k suiker.
¼ tl kremetart	2 e goue stroop
1 e kaneel of gemmer	

STROOP-POFFERTJIES

2 k Meelblom	1¼ k Melk
3 e Botter	½ t Sout
4 eiers	

Stroop

2½ k Suiker	2 k Water
-------------	-----------

Geursel

Kook stroop die vorige dag.
Kook suiker en water vir 10 min. saam. Laat afkoel.
Voeg geursel by [amandel, suurlimoen of lemoen]
Laat yskoud word.

Beslag

Kook melk en botter, roer meel en sout vinnig in tot gaar.
Verwyder van stoof, voeg eiers een vir een by.
Bak teelepelsvol in warm olie en doop in yskoue stroop.

Die Volledige BEDANKINGSLYS sal na afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in E-Boek formaat beskikbaar gestel word. Die wat egter nie tot dan kan wag nie, Kry jou KAMMANUUS!

Groetnis

Retha

UITEENLOPENDE LEWENS

Twee ou skoolmaats loop mekaar ná baie jare weer raak.

"Haai, ou Piet, jy lyk goed man. Wat het jy ná skool met jou lewe gedoen?" vra Koos.

"Nee," sê Piet, "ek het tale gaan swot op Tukkies en my honneursgraad behaal. Daar het ek toe ook my vrou ontmoet. Sy skryf gedigte en prosa en het 'n meestersgraad in letterkunde.

"My seun is 'n konsertpianis in Amerika vir die Amerikaanse Philharmoniese orkes en my dogter is die hoofballerina in Londen se balletgeselskap.

"Julle moet een aand oorkom dan hou ons 'n kulturaand. En wat het jy met jou lewe gedoen, Koos?"

"Nee," sê Koos, "ek was mos al op skool al 'n bietjie bakleierig en het toe na skool maar 'n bokser geword.

"Daar het ek ook my vrou ontmoet, die dogter van 'n promotor, en in daai tyd kon vrouens mos nie boks nie toe begin sy met karate en sy het haar black belt gekry voor ons eerste kind.

"Ons seun het onlangs sy nasionale kleure gekry in stoei en my dogter verteenwoordig ons land in Judo.

"Julle moet een aand oorkom dan moer ons julle bietjie."



POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

YADE sê baie dankie!

Onsdorp/Kammanuus het op 10 Julie 'n noodoproep van YADE gekry. Met die lesers se hulp kon ons dadelik R6,000 oorbetaal, en die volgende briefie ontvang:

Ans Coetzee, YADE, Bloemfontein:

Julle het my in tranes. JY sal nie glo nie ek kom nou net weer van die versorgings-tuiste af en ek sien hoe oom John siek is ek glo sy gees is reeds uit sy liggaam en dit nadat ons hom laat opneem het vir sy longe, hy is ontslaan totaal ontwater.

Dr. Faan het bloedtoetse laat doen wat Van Rensburgh pataloë gelukkig gratis gedoen het wat aangedui het van die ontwatering. Michelle het hom 2 liter water met 'n inspuiting gevoer tot sy niere weer begin werk het, maar ongelukkig blyk dit hy het te laat teruggekom.

As ons die nodige fasiliteite kan bekom soos wat jul Onsdorpers dit vir ons moontlik maak kan ons die nodige apparaat en masjiene aankoop en ons mensies self versorg pleks om hul na die staats hospitale te laat gaan.

Jesus se seën word oor julle uitgespreek, mag Jesus jul harte verryk met sy genade, liefde en vrede. Kan nie wag vir more om die nodige aankope te doen nie.

Nog goeie nuus die bakkie is van more af op die pad hul doen die laaste bedraging en van more af is 'n groot vervoerprobleem danksy Onsdorp opgelos.

Die storie van die Valiant

Louis skryf van iewers af:

Ek het die storie van die taxi wat oral behalwe op die regte plek ry geniet en wil graag die volgende staaltjie bydra.

In die tyd toe die Valiants nie meer in hulle eerste eienaars se hande was nie, het iemand met 'n lekker vinnige Alfa in die Wes-Transvaal tussen die mielielande getoer.

Dit was nie lank nie of hier is 'n Valiant vol passasiers wat baie druk uitoefen om verby te wil gaan. Die eenaar van die Valiant was van die soort wat nie sy besluit om verby te gaan kan verander nie.

Die Valiant het kort kort sy neus verby die Alfa probeer steek, maar die Alfa het 'n manier ontwikkel om elke keer net daardie bietjie vinniger te ry.

Voor het daar 'n T-aansluiting aangekom. Omdat die Valiant nie wou kop gee nie en omdat die Alfa beter remme gehad het, het die Valiant oor die aansluiting gegaan en in die mielielande tot stilstand gekom.

Die swart en geel chevron-plaat aan die ander kant van die aansluiting kon ongelukkig ook nie die Valiant keer nie en het in die slag gebly.

Dit is ook nie seker of die Valiant gedink het dat die plaat die agterkant van 'n bus was nie, en toe maar verbygesteek het.

En dit is die waarheid.

Het julle geweet?

Dolfyne is baie slim: Ná 'n paar weke in gevangenskap kry hulle dit reg om mense te leer om langs die kant van die dolfyne poel te staan en hulle met vis te voer.

SÓ SKENK JY VIR DIE YADE-TEHUIS

Daar kom gereeld bydraes van ons lesers in vir die ouetehuse in Bloemfontein.

Lesers wat by Onsdorp/Kammanuus se aksie wil aansluit – eenmalige skenkings of 'n maandelikse aftrekorder - kan dit só doen:

Eerste Nasionale Bank - Stilfontein
Hennie Greeff - BOB Spaarrekening
Rekeningnommer - 60379199926
Takkode - 240538



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die meisie met die koeksisters

"Later het ons geredeneer oor die dinge waaroor Afrikaners gewoonlik ná twee biere redeneer: Steve Hofmeyr en godsdiens en die voortbestaan van Afrikaans."

Deur Dana Snyman

Ek het nie geweet wat haar naam is nie. Ek het wel dikwels op Ventersdorp, die dorp waar my pa steeds woon, by haar koeksisters gekoop.

Die eerste keer onthou ek goed. Ek het by die Shell-garage petrol ingegooi, die volgende oomblik toe staan sy langs die motor met 'n mandjie koeksisters in die hand, en sy vra: "Oom, wil oom nie koeksisters koop nie, oom?"

Ek het haar so 11 jaar oud geskat; 'n mooi kind. Ek het maar 'n sakkie gekoop. Dikwels koop 'n mens koeksisters of wat ook al by mense op straat net om van hulle ontslae te raak, net om nie hul stories te hoor nie. Of altans, ek doen dit.

Omtrent elke keer daarna wat ek op Ventersdorp gekom het, het ek haar êrens raakgeloop. En altyd het sy daardie mandjie gehad, en altyd het sy gevra: "Oom, wil oom nie koeksisters koop nie, oom?"

En byna altyd het ek maar so vinnig as moontlik geld uit my sak gehaal en gekoop, bang sy vertel vir my dinge wat ek nie wil hoor nie.

Een keer was sy in die Ventersdorp Hotel ook. Maar toe was sy al ouer, seker so 15, miskien 16. Nardus en Reenen en Jaco van die band Die Kaalkop Waarheid, het by my gekuier en ons het in die kroeg gesit. Carel Lessing het toe nog geleef, hy en sy meisie was ook saam.

Ons het pool gespeel en na Johan, wat by die dorpsraad se paaiedepartement werk, en Swys, die hotel se nutsman, se stories geluister, en gewonder wie dit was wat met Tipp-Ex teen die kroeg se muur geskryf het: *I love Piet Pieterse*.

Later het ons geredeneer oor die dinge waaroor Afrikaners gewoonlik ná twee biere redeneer: Steve Hofmeyr en godsdiens en die voortbestaan van Afrikaans. En tussen als het Carel se meisie begin huil nadat ek oor en oor vir haar gesê het as jy 'n ateïs is, moet jy nie verbaas wees as jy aan depressie ly nie.

Nog later het Swys bely hy was eens op 'n tyd 'n speurder in die polisie en Johan het vertel hy het 'n draaiboek vir 'n Afrikaanse karatefiek geskryf, met die titel *Die Eensam eArend*.

En heelyd het dekselse Smokie oor die luidsprekers gesing en buite het 'n warm wind gewaai en by die poskantoor oorkant die straat het 'n moedelse ry mense gewag om hul pensioen op te eis.

En toe, eensklaps, staan sy tussen ons, op rolskaatse, met haar mandjie koeksisters. Ek onthou ek het daardie middag na haar gekyk en vir myself gesê ek behoort nie met sulke gedagtes in my kop na 'n kind te kyk wat koeksisters verkoop nie. Maar sy was toe al ouer, 15, dalk 16. Sy was besig om vrou te word.

Reenen het later 'n song oor haar geskryf. Die Kaalkop Waarheid sing dit altyd op hul shows: "Ons sit nog so, toe verskyn 'n engel voor ons oë, 15 of 16, baie jonk. Maar lank en beautiful op rollerblades, en in haar hand koeksisters . . . Ventersdorp, die einde van die pad."

Maar sy het die song nooit gehoor nie, want sy het nooit na Die Kaalkop Waarheid in Café Barcelona of Steak-and-Ale in Pretoria gaan luister nie. Sy was op Ventersdorp.

Waarom vertel ek dit alles? Eintlik is dit maar net om te sê haar naam is Angelique. Dit het ek verlede Donderdagnmiddag by Rian van die kafee gehoor. Dit was presies vyf dae nadat sy in 'n motorongeluk net buite die dorp dood is.

(Met erkenning aan Beeld en die skrywer.)

Fluit-fluit.

Jou volgende KAMMANUUS is op 2 Augustus.